Kollekte:
in die banke **Diens van . . Barmhartigheid**
by die deure vir **Jeugsorg** en volgende week **Kerkkas**
Verlede week se kollekte was
DVB. R 5258 Thusofonds R 1969

VETKOEKE

Geen smse gaan meer uitgestuur word vir vetkoek bestellings nie.
As jy 'n Vrydag vetkoek wil eet, bestel net deur te SMS of te bel voor Donderdag 4 uur vir **Elma** 011 849 3206 of 082 647 8948 **Ina** 011 849 5005 of 084 339 1136 en kom haal tussen 5 en 6 uur by die kerk.
As jy enige ander dae vetkoek wil hê bestel net 'n dag voor die tyd ook by Elma. Dit kan jy by haar huis afhaal.
As daar vetkoeke met vleis gemaak word en of ander eetdingetjies sal daar 'n sms uitgestuur word.
Fondse gaan nog steeds vir Kerkhuis, sal later vir Nuwe Kombuis gebruik word .

Hulp aan Jeugkommissie

Daar word 'n beroep gedoen op veral die ouers van die jeug om betrokke te raak, en hulp te verleen aan die jeugkommissie. Kontak asb vir Braam 082 459 5636 as jy 'n vrywilliger is.

Koor:
Die koor/sanggroep begin weer oefen met die oog op die Kerssangdiens einde November. Ons sal graag nog stemme wil bykry – veral mansstemme. Oefening elke Sondag om 17:15 in die konsistorie. Kom sing saam tot eer van die Here. Kontak .persoon: Tarina van der Merwe

Polsslag inligting

Inligting wat in die Polsslag geplaas moet word, moet asb. voor Donderdagmiddag 12:00 vm. na polsslag@gkbenoni.co.za gestuur word. Inligting kan ook direk aan Gusta gestuur word na 083 383 2605 of faks na 011 849 6063.

BANKBESONDERHEDE VIR . BYDRAES

Alle bydraes kan in die onderstaande rekening inbetaal word. **Merk duidelik by besonderhede u volle naam en doel**. Lidmate word aangemoedig om van die aftrekorder sisteem gebruik te maak. U bydrae word dan outomaties op die 1ste van elke maand van u rekening verhaal.

Gereformeerde Kerk Benoni
Absa Bank
Tjek nr. 220 340 333

KOEVERT KERKBYDRAES en Bank en Internet betalings

Skryf naam of regte voorletters neer soos ons jou op kerkregister het.
As 'n Pa en seun dieselfde name het teken net aan van wie die bydrae kom Snr. of Jnr.

Ons het regtig baie dieselfde Vanne in die gemeente en ouers en kinders met dieselfde name

Sit ASSEBLIEF jou REGTE VOORLETTERS neer soos wat ons jou op die KERKREGISTER het , en wyk nr. of ouderling se naam
Die MAN se naam is voldoende want die bydrae word by die huisgesin geplaas.
Ons wil graag die regte bydrae by die regte gesin plaas

Ter aprobasie word **Johan Ligthelm** voorgehou as ouderling

Sustershoekie:

Aandag alle susters! Na 'n lang rustyd het die susters weer 'n bestuur bymekaar gekry en vind ons eerste aksie reeds die 28 Augustus 2010 plaas. Dit sal die vorm aanneem van 'n oggendtee met mode en sang! Hou die hoekie dop vir verdere besonderhede. Merk solank die datum in jou dagboek sodat jy dit nie misloop nie!

Fietsren –

Ons was baie geseënd om weereens 'n suksesvolle fietsren te kon aanbied op 16 Junie 2010 en ons kan met dankbaarheid bekendmaak dat die fietsren 'n netto wins van R65 000 opgelewer het. Maar dan moet ons onmiddellik bysê dat die sukses van die fietsren in die eerste plek te danke is aan God se genade, en ook dat Hy aan so 'n groot menigte van gemeentelede wat betrokke was die ywer daarvoor gegee het, en dat dit nie sonder julle hulp gedoen kon word nie. Die erge koue op die dag van die fietsren het egter veroorsaak dat ons ongeveer 250 minder as verwagte deelnemers gehad het, en dat dit weer 'n effek op die wins gehad het, maar in die breë gesien is ons dankbaar vir die inkomste wat ons kon genereer. Soos per kerkraadsbesluit sal 40% van die inkomste aan die diakonie gaan vir hulle baie kosbare werk in en buite die gemeente. Baie dankie aan die fietsrenkommissie onder leiding van Walter Buma vir julle harde werk!

BEROEPE ONTVANG

· Ds DF Muller van Buffeldoorns na .. ..Amanzimtoti.
Ds DF Muller van Buffeldoorns na ..Klerksdorp-Noord.

Op die Program:

Maandag:
Bybelstudie Rynpark 5, 9:30
Dinsdag: Bybelstudie 6:30 en 7:30
Woensdag: Smal kerkraadverg. 19:00
20-Something 19:00
Donderdag: Gebedsgroep 19:30
Vrydag: Bybelstudie 9:00

Bybelvasvra - Soek die vers

Verlede Sondag
(1 Augustus 2010)se antwoord :
Lukas 3: 17 -Hy het sy **skop** in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer skoonmaak.
Die Koring sal Hy in sy skuur bymekaarbring, maar die kaf sal Hy met onblusbare vuur verbrand"
Die volgende lesers het gesoek en gevind:
Ruan Steyn
Dr Braam Krüger (teks?)
Lottie Bakker
Elma Jansen
Jaap en Dorene Smit (2 tekste)
Ina en Evert Bolt
Betsie Coetzee

SELFOON NOMMERS EN ADRESSE

As jy 'n SELFOON besit veral ons jeug kom gee jou nr vir INA BOLT
of as jy 'n NUWE SEL gekry het laat weet my ook
As jy GEEN huis telefoon meer besit laat weet INA asseblief
As jy verhuis na u nuwe adres, gee dit asb. deur vir INA
My inligting waarheen jy dit kan stuur is in POLSLAG of MUURALMANAK of WEBWERF of GEREFORMEERDE KERKALMANAK
Jy is welkom om dit SONDAG by DIE KERK aan my te gee.

Notas	Notas	Notas
Oggenddiens 9:00 **Skriflesing**: Maleagi 1:1-14 **Teks**: Maleagi 1:6 **Tema**: Waar is die eer wat God toekom?	**Eietydsediens 17:00** **Skriflesing:** Matteus 5:33-37 **Teks**: Matteus 5:37a **Tema**: 'n Christen praat die waarheid	**Aanddiens 18:30** **Skriflesing**: Jesaja 41:1-20 & **HK** 10 **Teks**: Jesaja 41:4, 10 **Tema**: Toeval of noodlot – wie is in beheer van die skepping?

Sondag 15 Augustus vier ons DV die Heilige Nagmaal

Bybelvasvra Sê wie? – Die Bybel sê .....

Wie het gesê dat Israel die land Kanaan in besit sal kan neem nadat die meeste verkenners presies die teenoorgestelde gesê het?
Noem die twee verkenners en noem een van die twee gedeeltes waar dit in die Bybel staan.
Lees gerus die boek Numerie en SMS jou Naam & Van en die twee verkenners en een van die 2 plekke waar hierdie verse staan na 0828733173 as jy die antwoord gevind het.

DOPPERJEUG

Baie geluk aan al ons maats wat in hierdie week verjaar
10 Aug **MARKUS VAN ZYL** 011 425 3169
11 Aug **TIANA KRüGER**

Die Kidsgames

Daar is Vrydag **kidsgames.** Ons gaan van die verlore munt leer!
Hoërskool jeug doen Donderdagaand Han 3-7 bring pen en Bybel saam

As daar iemand in die gemeente is wat weet van oulike geestelike musiek cd's wat ons kan gebruik vir die laerskool jeug tydens die kidsgames.
. Kontak asb. vir Herman

Welkom:
Hartlik welkom aan al die gaste en besoekers, wat vandag se erediens bywoon. Indien u 'n nuwe intrekker is, meld asb. by een van die predikante, Braam Krüger of Sarel v.d.Walt aan, of kontak vir Ina Bolt (084 993 1136) of Gusta Botes (083 383 2605)

Dienstye:
Oggenddiens: 09:00
Eietydsediens: 17:00
Aanddiens: 18:30
Diensbeurte:
Hierdie week: wyke 27,28,29,30
Volgende week: wke 31,32,33,34

Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat in die komende week verjaar.

9 Aug **RUTH BAKKER**
. 0789132702
9 Aug **ANDRE BAKKER** .
. 0723904588
9 Aug **LOUIS KOTZE
. 0823412134
9 Aug **FRANCOIS LE ROUX**
. 0716855199
13 Aug **BEN VENTER** 0828050953
14 Aug **ISABELLA COETSEE
. . . 011 747 7073
14 Aug **LUCAS KRAUSE** ... ...
... . 0832631860

LIEF EN LEED

Rita Hall se broer is verlede Sondag oorlede en die begrafnis was reeds die afgelope Dinsdag gewees. Ons bid vir Rita en die familie baie troos en krag toe in hierdie tyd.
Ben Steyn is ernstig siek met degenratiewe spier-/senuweesiekte waaraan hy ly. Ons bid hom en die familie God se troosvolle nabyheid

Pieter Wessels Tehuis – Nigel

Ons het met skok verneem van die noodlottige brand by die tehuis vir bejaardes in Nigel en die diakonie wil in samewerking met ons lidmate ook graag hier uitreik. Die tehuis is deel van die "Meals on Wheels Community Services" wat hulle hoofkantoor in Heidelberg het. Alle hulp aan die tehuis gaan dus deur hulle om te verseker dat die hulp by die regte adres eindig. Volgens inligting wat die diakonie ontvang het, is kosvoorraad die grootste nood op die oomblik en is daar besluit om nie-bederfbare produkte in te samel. Indien daar lidmate is wat graag die diakonie wil bystaan kan hulle die items na die kerk toe bring. Daar sal 'n mandjie vir die doel in die voorportaal wees. Die volgende items sal waardeer word:

- Blikkies kos, rys, langlewe melk, koffie, tee, suiker ens. (nie-bederfbare produkte)
- Toiletware soos seep, toiletpapier, tandepasta, ens.
- Doeke vir volwassenes.

Indien daar kontant bydraes is, moet dit asseblief baie duidelik 'Pieter Wessels' gemerk word.

GEREFORMEERDE KERK BENONI
Dr. Braam Krüger – 011 849 9253 – 082 459 5636 braam@gkbenoni.co.za
Dr Sarel v.d. Walt – 082 920 1601 – sarel@gkbenoni.co.za
Herman Kloppers – 073 408 2226 – herman@gkbenoni.co.za